DR. A. A. VAN SCHELVEN, *Wegkruisingen in het landschap der theorie van de geschiedschrijving*, Uitgeverij W. ten Have N.V., Amsterdam, 1953. 91 bls.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het 'n stroom literatuur oor die filosofie van die geskiedenis die lig gesien. Dit is 'n simptoom van die poging wat in die Westerse wêreld aangewend word om tot wêreldbeskoulike reoriëntasie te kom. Die werkie onder bespreking is deel hiervan.

Die skrywer raak byna die hele gebied van die geskiedenisfilosofie. Hy begin met wat ons 'n inleidende gedeelte kan noem en wat die geskiedskrywing sy posisie in die ensiklopedie van wetenskappe wil aantoon. Die res van die boekie val in twee dele uiteen, nl. vrae betreffende die aard en grense van die geskiedskrywing, wat ons ook miskien 'n kennisleer van die geskiedskrywing sal kan noem, en vrae betreffende die agtergrond van die lotgevalle van die mensheid, wat al die „metafisika" wat die geskiedskrywing genoem is.

Die veld wat die skrywer aanraak, is so wyd dat hy in die inleiding self die vraag stel: „Vindt de lezer hier dus ,in a nutshell' een geschiedphilosophie?" wat hy dan beantwoord: „Voor een bevestigende antwoord deins ik terug." (p. 9). Tog kan ons nie anders as om hierdie vraag bevestigend te antwoord nie. En hierin lê ook die swakheid van die werkie: omdat dit te veel aanpak, word niks werklik deeglik uitgewerk nie. Maar dit is sy waarde: vir 'n eerste kennismaking met die filosofie van die geskiedenis bied dit 'n oorsig oor 'n groot aantal probleme.

Die skrywer, kort gelede oorlede, was die bekende historicus aan die sgn. Vrije Universiteit. Geen wonder dat hy die Neo-Calvinistiese standpunt verteenwoordig en die geskiedenis as 'n „christelike wetenskap" beoefen wil sien. Hierdie standpunt beïnvloed hom nie alleen in die „metafisika" van die geskiedskrywing nie, maar kom ook te voorskyn in vraagstukke soos die vryheidsprobleem.

Ten spyte van sy tekortkominge kan ons die boekie aanbeveel.

P. S. Dreyer.